| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | PUNTE-TOTAAL |
|---|---|
| | |

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# TOERISME

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 ure 200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Antwoord AL die vrae.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
6. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Kandidate mag 'n sakrekenaar gebruik om buitelandse valuta uit te werk.
8. Kandidate moet gekleurde penne gebruik om die konsepkaart te voltooi.
9. Een blanko bladsy (bladsy 28) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsy. Dui die nommer van jou antwoord duidelik indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

| VRAAG | PUNTE TOEKENNING | PUNT BEHAAL | BENADERDE TYD PER VRAAG |
|---|---|---|---|
| **1** | **34** | | 31 minute |
| **2** | **27** | | 24 minute |
| **3** | **34** | | 31 minute |
| **4** | **45** | | 40 minute |
| **5** | **30** | | 27 minute |
| **6** | **30** | | 27 minute |
| **Totaal** | **200** | | 180 minute |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 1

**Verwys na die onderstaande artikel.**

**Britse toeriste moet R35 000 vir kwarantynhotel betaal met terugkeer vanaf Suid-Afrika of tronk toe gaan vir vals getuienis oor die toer.**

Die Verenigde Koninkryk het hulle reisregulasies vir lande op die "rooi lys" – wat Suid-Afrika insluit – verskerp deur landsburgers wat terugkeer, vir 10 dae onder verpligte kwarantyn te plaas. Die kostes moet **deur die reisiger betaal word** en leuens wat aan die owerhede vertel word om self-isolasie vry te spring, kan tot ernstige tronkstraf lei.

Daar is tans slegs twee tipes reisigers wat toegelaat word om die VK vanaf Suid-Afrika en 32 ander lande op die "rooi lys" binne te kom. Britse en Ierse burgers en derdelandburgers met verblyfregte in die VK sal toegelaat word om terug te keer – **maar** hulle moet aan 'n streng reeks Covid-19-regulasies voldoen.

Vanaf Maandag 15 Februarie moet alle inwoners wat vanaf Suid-Afrika na die VK terugkeer 'n negatiewe Covid-19-toetsresultaat wat nie meer as 72 ure voor die vlug bekom is nie, toon. Selfs met 'n negatiewe PCR-toetsresultaat, sal VK-landsburgers en -inwoners geforseer word om vir 10 dae in 'n staatsbeheerde hotel in kwarantyn te gaan.

Hierdie "kwarantynpakket" sal <u>£1 750 per persoon</u> kos. Hancock het bevestig dat 16 hotelle, met 4 600 kamers, gekontrakteer is as kwarantynhotelle. En vir reisigers wat hoop om dit en die koste daaraan verbonde vry te spring? 'n Aantal swaar boetes sal uitgereik word aan diegene wat vir die regeringsbeamptes jok oor hulle reisroetes.

"Enige een wat die feit dat hulle na 'n 'rooi lys'-land gereis het, wil wegsteek op hulle passasier-opspoordervorm, kan 'n <u>£10 000-boete</u> of tot 10 jaar in die tronk in die gesig staar", het die VK se departement van gesondheid en maatskaplike sorg verduidelik.

[Aangepas uit: <https://www.businessinsider.co.za/brits-returning-from-sa-must-pay-r35000-for-quarantine-hotel-face-jail-for-lying-about-trip-2021-2>]

1.1 **Identifiseer** na watter globale gebeurtenis/huidige situasie daar in die artikel verwys word.

________________________________________ (1)

1.2 **Noem** TWEE ander tipes onvoorsiene gebeurtenisse wat die potensiaal het om globale reis te affekteer.

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

1.3 **Bespreek** die implikasies daarvan om op die "rooi lys" wees vir internasionale toerisme en vir die ekonomieë van lande soos Suid-Afrika.

(5)

1.4 **Verduidelik** of jy dink dat dit eties aanvaarbaar is om van inwoners te verwag om vir hulle eie kwarantynperiode te betaal **en verskaf redes** vir jou antwoord.

(4)

1.5 **Noem** DRIE gesondheidsvoorsorgmaatreëls wat toeriste moet neem om infeksie te voorkom.

(3)

IEB Copyright © 2022 

1.6 Verwys na die volgende buitelandsevalutarekenaar en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE RAND WISSELKOERSTABEL**

Mei 10, 2021 08:01 UTC

| **Suid-Afrikaanse rand** | Die valutabedrag wat 1 ZAR kan koop **1,00 ZAR** | Die koste in ZAR van 1 eenheid buitelandse valuta **inv. 1,00 ZAR** |
|---|---|---|
| VSA dollar | 0,0713 | 14,0123 |
| Euro | 0,0587 | 17,0221 |
| Britse pond | 0,0506 | 19,7259 |
| Indiese roepee | 5,2393 | 0,1908 |
| Australiese dollar | 0,0908 | 11,0047 |
| Kanadese dollar | 0,0864 | 11,5675 |
| Singapoerse dollar | 0,0946 | 10,5635 |
| Switserse frank | 0,0643 | 15,5507 |
| Maleise ringgit | 0,2931 | 3,4112 |
| Japannese jen | 7,7733 | 0,1286 |

Mnr Smith is 'n Britse burger wat in Pretoria, Suid-Afrika, werk en hy wil terugkeer huis toe a.g.v. die huidige situasie.

1.6.1 **Bereken** die koste van die kwarantynpakket (**in rand**) vir Mnr Smith om na Glasgow, VK, terug te keer. Toon alle berekeninge.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

1.6.2 Mnr Smith vind 'n ander hotel in Bristol wat deur die regering goedgekeur is wat hom €1750 (euro) vir sy kwarantynpakket sal vra.

(a) **Bereken** hoeveel die nuwe kwarantynpakket hom in ZAR sal kos. Toon alle berekeninge.

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

(b) Watter pakket is meer bekostigbaar?

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

1.6.3 (a) **Watter koers** sal die bank gebruik om hierdie transaksie te doen wanneer hulle die valuta ruil?

(1)

(b) **Differensieer** tussen die BVK en die BKK.

(2 × 2 = 4)

1.7 **Verduidelik** die konsepte "sterk" en "swak" rand.


(4)

1.8 **Identifiseer** TWEE vorms van betaling wat reisigers kan gebruik en **verskaf** EEN voordeel van elk.

(2 × 2 = 4)
**[34]**

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 2 Verwys na die onderstaande Wêreldtydsonekaart.**



Verwys na Mnr Smith se kaartjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| **Flight Details** BRITISH AIRWAYS<br><br>Johannesburg To Glasgow<br>19:20 Johannesburg<br><br>Airline: British Airways<br><br>Aircraft: BA0056 (Boeing 777 jet) |

2.1 Mnr Smith sal om 19:20 op Maandag 11 Oktober vanaf OR Tambo Lughawe op 'n 15-uur vlug na Londen vertrek.

Mnr Smith se vrou verwag 'n oproep van hom 'n uur nadat hy in Londen gearriveer het. **Bereken** hoe laat sy sy oproep in Pretoria/Tshwane, (d.i., Suid-Afrika plaaslike tyd) kan verwag.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

2.2 'n Maansverduistering sal plaasvind en kan om 23:30 (Sydney plaaslike tyd) op 12 Oktober baie goed vanaf Sydney gesien word. Mnr Smith kan na die verduistering kyk deur in te skakel op die sterrewag se webwerf terwyl hy in Londen is. Hoe laat moet hy op die webwerf inskakel om dit te doen? Sydney implementeer DBT.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2022 

2.3 **Bespreek** DRIE negatiewe effekte van die implementering van DBT.

(3)

2.4 Mnr Smith reis met 'n groot bedrag kontant. **Identifiseer** deur watter kanaal hy by doeane moet gaan en **verduidelik** hoekom.

(2)

2.5 **Verduidelik** die moontlikheid dat Mnr Smith vlugvoosheid sal ondervind. **Gee 'n rede** vir jou antwoord.

(2)

2.6 **Noem** VIER geskikte karaktertrekke/persoonlikheidseienskappe wat 'n persoon wat in die toerismebedryf (dienslewering) wil werk, behoort te hê.

(4)

IEB Copyright © 2022

2.7 **Verduidelik** wat 'n loopbaanroete is.

(2)

2.8 **Maak 'n lys** van SES elemente/stappe van 'n loopbaan/beroep wat in 'n loopbaanroete ingesluit behoort te word.

(6)
**[27]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die volgende vrae.

**Aanvaar die era van die tuisblyvakansie *(staycation)* terwyl reis oor grense heen afneem** deur **Mike Simpson**

Terwyl vakansiegangers toenemend meer bekommerd raak oor die probleme en gevare van internasionale reis a.g.v. die coronavirus, skarrel die toerismebedryf wêreldwyd om die era van die "tuisblyvakansie" met ope arms te verwelkom.

Sommige van dié wat in hulle eie lande bly, gaan nog 'n stap verder deur geïsoleerde bestemmings en alleenstaande akkommodasie te soek.

Die teorie is dat hoe meer jy jouself kan distansieer van dig bevolkte sentrums, hoe minder is die kans dat jy blootgestel sal word aan draers van Covid-19.

**Verhoogde vraag na geïsoleerde eiendomme en afgeleë plekke**
*Host Unusual*, 'n VK-akkommodasiewebwerf, rapporteer 'n 45%-verhoging in soektogte na geïsoleerde eiendomme en 'n 38%-verhoging in belangstelling in afgeleë bestemmings. Toeriste kan dit veiliger ag om langs die strand te stap as om na 'n winkelsentrum toe te gaan.

**Binnelandsereisnavrae in die VK styg met 40% teenoor 2019.**
"Vir die periode 1 Januarie tot 24 Februarie 2020, het ons gemiddeld 40% meer webbesoekers in vergelyking met dieselfde periode verlede jaar," sê Steve Jarvis, eienaar van *Independent Cottages*, 'n besigheid wat vakansiehuise van onafhanklike eienaars uithuur. "Hierdie soektogte blyk almal binnelands te wees – oorsese navrae het merkbaar verminder.”

In Singapoer bied toerisme-ondernemings groot afslag aan om tuisbly-vakansiegangers onder plaaslike inwoners te trek en sodoende die gaping te vul wat deur afwesige buitelandse toeriste gelaat word. Daar is 50% afslag op binnenshuise speelgronde, twee-vir-die-prys-van-een toegang by gewilde attraksies, gratis toegang vir ouers by bestemmings vir kinders, en 'n waterpark het selfs 'n $32-dagpermit na slegs $9 verminder.

**Mense wil met vakansie gaan, maar voel die veiligste plek is by die huis**
"Tuisbly-vakansies sal reisigers heelwaarskynlik meer gemaklik laat voel aangesien hulle vertroud is met die bestemming, hulle dit potensieel kan vermy om te vlieg, en hulle die gesondheidsdienste en -struktuur ken, sowel as ander voordele om binne jou eie land te bly – soos korter reistyd en geen taalhindernis nie."

**SA-toerismebedryf moet hulle bemarking op plaaslike reisigers toespits**
Terwyl 'n afname in internasionale toeriste en uitgaande reisigers 'n ernstige bekommernis is, skep dit 'n geleentheid om volhoubare aansporingsmaatreëls daar te stel om die plaaslike toerismemark 'n hupstoot te gee en Suid-Afrikaners aan te moedig om na streeksbestemmings in die land te reis. Prys-sensitiewe plaaslike reisigers sal kyk na bylas *(add-on)* pakkette en eksklusiewe ondervindings wat hulle rande verder sal rek," het SA Toerismeraad (Satoer) gesê.

"Alhoewel die impak van die virus katastrofies is, is alles nie verlore nie. Dit bied die bedryf 'n uitdaging om alle gekanselleerde uitgaande reise te herlei na binnelandse reisgeleenthede. Dit is 'n manier waarop die sektor kan help om die ekonomiese impak van die coronavirus te verminder en die plaaslike toerisme 'n hupstoot te gee."

[<https://www.thesouthafrican.com/travel/what-is-staycation-south-africa/>]

IEB Copyright © 2022

3.1 **Verduidelik** hoe jy 'n *tuisbly-vakansie* verstaan.

(1)

3.2 **Beskryf** hoe die konsep van 'n tuisbly-vakansie bemark is in 'n poging om plaaslike toerisme gedurende hierdie periode te laat herleef.

(2)

3.3 **Identifiseer** sommige van die spesifieke probleme en gevare waarna in paragraaf 1 van die artikel verwys word.

(2)

3.4 **Verduidelik** hoekom internasionale toeriste se veiligheid in Suid-Afrika van noodsaaklike belang vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is.

(4)

IEB Copyright © 2022

3.5 **Beskryf** die volgende dokumente:

3.5.1 'n Visum

(2)

3.5.2 'n Gesondheidsertifikaat

(2)

3.5.3 'n Internasionale bestuurslisensie

(2)

IEB Copyright © 2022

3.6 Verwys na die onderstaande beeld en beantwoord die vrae wat daarop volg.

3.6.1 **Skryf neer** wat die beeld verteenwoordig.

(1)

3.6.2 **Noem** jou begrip van die slagspreuk *"inspiring new ways".*

(2)

3.6.3 **Omskryf** TWEE maniere waarop uitstalling by handelskoue toerisme-ondernemings kan bevoordeel

(2)

3.6.4 **Noem** EEN so 'n handelskou wat in Suid-Afrika aangebied word.

(1)

3.6.5 **Verduidelik** hoe die TOMSA-heffing gekollekteer word en wat die doel van die heffing is.

(3)

3.7 **Onderskei** tussen *bo-die-lyn bemarking en onder-die-lyn bemarking* en **verskaf** TWEE voorbeelde van elke tegniek.

(2 × 4 = 8)

3.8 **Noem** TWEE kostes wat in ag geneem moet word wanneer 'n bemarkings-begrotingsplan saamgestel word.

(2)
**[34]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4

As 'n entrepreneur en toekomstige eienaar van 'n besigheid, word jy gevra om 'n nuwe produk of diens in die toerismebedryf te ontwerp. In 'n aanbieding om die herlewing van toerisme aan te moedig, oorweeg die SA Toerismeraad (Satoer) dit om hierdie nuwe onderneming te befonds.

4.1 Gebruik die bemarkingsmengsel (sewe P's) om jou onderneming te **beskryf**. Probeer om Satoer te oorreed om jou produk of diens te befonds. **Noem en verduidelik** elkeen van die sewe P's. Maak seker dat jy genoeg detail vir elkeen van die sewe punte het met verwysing na jou onderneming.

(7 × 2 = 14)

IEB Copyright © 2022

4.2 Om aan Satoer te bewys dat jy alle aspekte van jou besigheid nagevors het, **stel** 'n SSGB-analise van jou nuwe produk of idee op. Maak seker dat jy aandag skenk aan faktore onder elkeen van die opskrifte.

(12)

IEB Copyright © 2022

4.3 Deur te verwys na die konsep van die drievoudige basislyn, **stel** 'n tabel **op** waarin jy jou verduideliking van hoe jou onderneming sal bydra tot elkeen van die DRIE pilare van volhoubare toerisme, **kortliks beskryf**.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

(12)

4.4 Een van jou langtermyndoelwitte vir jou onderneming is om *Fair Trade* gesertifiseer te wees. **Noem** enige DRIE beginsels van *Fair Trade.*

(3)

4.5 **Hoekom** behoort 'n onderneming 'n volhoubare en verantwoordelike besigheidsmodel aan te neem?

(4)
**[45]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5 KONSEPKAART

**Konstrueer/teken** 'n **konsepkaart** waarin jy die voordele van spanwerk vir 'n toerisme-besigheid of -onderneming **evalueer.**

Verwys na die aangehegte rubriek om jou antwoord te beplan. Maak seker dat jy die volgende punte volg.

- **Noem** die VYF fases in die vorming van 'n span en **verduidelik** wat in elke fase plaasvind.
- **Beklemtoon** die noodsaaklikheid van die identifisering van 'n gemeenskaplike doel en die verkiesing van 'n spanleier.
- **Argumenteer** ten gunste van 'n gedragskode in 'n onderneming deur die doel en waarde van 'n gedragskode te verduidelik.
- **Evalueer** die voordele van goeie spanwerk vir die personeel, die besigheid self en die kliënte.
- **Skakel** hierdie punte met mekaar met 'n geskikte verduideliking van die onderlinge verwantskappe.

**Belangrik:**

**Verskaf 'n geskikte titel en 'n kleurgekodeerde sleutel. Gebruik bladsy 20 en 21 vir jou konsepkaart.**

**Verwys na die nasienrubriek vir 'n konsepkaart op bladsy 22.**

**[30]**

IEB Copyright © 2022 

## Konstrueer/teken 'n konsepkaart

IEB Copyright © 2022

## Nasienrubriek vir konsepkaart

| Konsepte | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **VYF fases in die vorming van 'n span is gelys, en 'n verduideliking van wat in elke fase plaasvind, is verskaf.** | | Kandidaat het die VYF fases in die vorming van 'n span suksesvol gelys en kortliks en akkuraat elke fase verduidelik. X2 | Een fase is uitgelaat, of sommige verduidelikings is vaag. X2 | Meer as een fase in die vorming is uitgelaat, of baie swak verduideliking is gegee. X2 | Die hele afdeling is nie geadresseer nie. | **3 × 2 = 6** |
| **Noodsaaklikheid van identifisering van 'n gemeenskaplike doel en verkiesing van 'n spanleier.** | | Kandidaat het die noodsaak-likheid beklemtoon deur te fokus op die resultaat van hierdie stappe in die spanproses. | Kandidaat het albei stappe vlugtig genoem en die resultate in die proses behaal, geadresseer. | Die onderwerp is oppervlakkig genoem, maar kort substansie of verduideliking. | Nie geadres-seer nie. | **3** |
| **Argumenteer ten gunste van 'n gedragskode vir 'n besigheid deur die doel en waarde van 'n gedragskode te verduidelik.** | Sterk, oortuigende argument is aangevoer, alle moontlike voordele van 'n gedragskode is aangedui, met fokus op die waarde van die kode vir die besigheid en personeel. X2 | Oortuigende argument aangevoer ten gunste van die implemente-ring van 'n kode, alhoewel party voordele nie deur die kandidaat erken is nie. X2 | 'n Redelike aantal voordele ge-Ïdentifiseer, maar die waarde en doel van die kode is nie in diepte ondersoek nie. X2 | Hierdie konsep is vlugtig aangeraak, maar met min diepte. X2 | Nie geadres-seer nie. | **4 × 2 = 8** |
| **Evalueer die voordele van goeie spanwerk vir die personeel, vir die besigheid self en vir die kliënte.** | | Uitstekende evaluasie, al drie rolspelers bespreek, en 'n gevolgtrekking gemaak aangaande die voordele vir hierdie drie partye. X3 | Deeglike evaluasie, al drie rolspelers bespreek, maar argument nie in detail nie of kort diepte t.o.v. die drie rolspelers genoem, OF een van die partye is uitgelaat in die evaluasie. X3 | Voordele genoem, maar kort substansie of slegs een rolspeler in diepte geadresseer. X2 | Geen evaluasie nie of swak geadresseer. | **9** |
| **Konsepkaart: formaat, uitleg, sleutel en kleure gebruik.** | Gesofistikeerde uitleg, formaat illustreer duidelik die onderlinge verwantskappe tussen die konsepte, oorsaaklike verhoudings geïdentifiseer, geskikte titel, sleutel en kleure is gebruik om ingewikkelde skakels tussen die konsepte aan te dui. | Logiese uitleg, skakels genoem, sleutel en kleure is gebruik maar kort verduidelikings wat logiese oorsaak-en-gevolg-verhoudings aandui of een van die kriteria is uitgelaat of onvoldoende vir 'n vlak 7-resultaat. | Redelike uitleg, maar meer as een aspek is uitgelaat. Skakels, sleutel of kleure slaag nie daarin om onderlinge verband te illustreer nie. Die konsep-kaart is nie verduidelik nie; geen titel is verskaf nie. | Slegs aan een van die kriteria voldoen. | Aan geen kriteria voldoen nie. | **4** |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

**'n Professionele beeld, goeie diens en volhoubare praktyke is sleutelelemente vir 'n suksesvolle onderneming.**



[Bron: <www.shutterstock.com>]

**Scenario:**

Gebaseer op die bostaande stelling, is jy aangestel by 'n korporatiewe besigheid om 'n **verslag** saam te stel wat die volgende moet adresseer: "Hoe om kompeterend in die mark te bly EN hoekom dit so belangrik is."

Verwys na die volgende in jou verslag:

- Die inleiding moet die karaktereienskappe van 'n suksesvolle besigheid **omskryf**.
- **Verduidelik** wat 'n professionele beeld beteken en die noodsaaklikheid van 'n professionele beeld om 'n goeie handelsmerk te handhaaf.
- **Maak aanbevelings** en verskaf maniere en voorbeelde van hoe die onderneming hulle professionele beeld kan bevorder.
- **Analiseer** die behoefte vir kliënteterugvoering en **doen** gepaste aanbevelings oor hoe om hierdie terugvoer te bekom.
- **Bespreek** wat bedoel word met dienslewering in terme van kliënte se behoeftes en verwagtinge, waarde vir geld, goeie kennis van die produk, kliëntediensregulasies **en die langtermynvoordele** hiervan vir die besigheid.
- **Stel** strategieë **voor** om die personeel se werkprestasie te verbeter en **evalueer** die kollektiewe langtermynvoordele vir 'n onderneming en hulle personeel.

Jou verslag moet 'n geskikte titel hê. Gebruik die korrekte uitleg. Verwys na die rubriek op bladsy 27 om jou te help met die beplanning van jou antwoord. **[30]**

IEB Copyright © 2022 

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

## Nasienrubriek vir uitgebreide skryfwerk

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Karaktereienskappe van 'n suksesvolle besigheid.** | | Kandidaat toon 'n gesofistikeerde insig in die karaktereien-skappe, meer as drie is bespreek. | Kandidaat het 'n goeie begrip, twee is bespreek. | Kandidaat toon 'n beperkte begrip, poging om hierdie punt te adresseer is swak. | Nie geadresseer.= nie. | **3** |
| **Professionele beeld verduideliking, noodsaaklikheid van handhawing van die beeld.** | | Professionele beeld is verduidelik en noodsaaklikheid deeglik ondersoek met meer as drie deurdagte punte gemaak. | Kandidaat verstaan professionele beeld, tot twee geldige punte gemaak. | Vlugtige oorweging aan hierdie punt verleen. | Nie geadresseer nie. | **3** |
| **Maniere waarop 'n onderneming 'n korporatiewe handelsmerk kan bevorder.** | | Ten minste vier bemarkings- en promosiemetodes is aanbeveel, voorstelle is geskik vir en spesifiek gerig op die toerismebedryf. | Twee tot drie metodes aanbeveel, sommige nie geskik of relevant nie, of vaag. | Slegs een metode is voorgestel. Baie eenvoudige antwoord gegee. | Nie geadresseer nie. | **3** |
| **Analise – noodsaaklikheid van kliënteterugvoering aanbevelings vir terugvoermetodes.** | Intelligente verduideliking van die noodsaaklikheid van kliënteterugvoer vir groei van 'n besigheid, skakel met die resultate indien geen terugvoer ontvang is nie. Ten minste vyf metodes is verskaf, metodes is relevant vir vandag se mark. | Gedetailleerde verduideliking vir die noodsaaklikheid van kliënteterugvoer vir groei van 'n besigheid, sommige skakels met die resultate van terugvoer nie ontvang nie en drie tot vier geskikte metodes is verskaf. | Redelike verduideliking vir die noodsaaklikheid van terugvoer, geen voorspelling vir die impak indien terugvoer nie ontvang is nie en twee geskikte metodes is verskaf. | Swak verduideliking en geen metodes voorgestel, of metodes voorgestel maar geen begrip van die noodsaaklikheid om terugvoer te bekom nie. | Nie geadresseer nie. | **4** |
| **Bespreek wat word bedoel met dienslewering in terme van al vier faktore genoem. Voordele bespreek.** | Antwoord is goed uitgedink en kandidaat het 'n uitstekende in-diepte begrip van die faktore genoem. Voordele is duidelik omskryf, meer as vier is geïdentifiseer. X2 | Kandidaat het 'n deeglike begrip van al vier faktore genoem. Voordele duidelik omskryf, drie tot vier is geïdentifiseer. X2 | Kandidaat toon 'n begrip van sommige faktore genoem. Voordele is geïdentifiseer, maar is minder as drie. X1 | Kandidaat het of die faktore vlugtig bespreek, met geen voordele geïdentifiseer nie of het nie die faktore verduidelik nie, maar het 'n poging aangewend om die voordele vir die besigheid en die personeel te identifiseer. X1 | Nie geadresseer nie. | **4 × 2 = 8** |
| **Strategieë om personeel se werkprestasie te verbeter. Evalueer voordele vir personeel en besigheid.** | | Ten minste drie strategieë is geïdentifiseer, 'n gedetailleerde evaluasie van die voordele vir die personeel **en** die besigheid is geïdentifiseer. X2 | Strategieë is geïdentifiseer, sommige voordele vir die personeel en die besigheid is geïdentifiseer. X2 | Strategieë is geïdentifiseer, min voordele vir personeel OF vir die besigheid is geïdentifiseer. OF slegs een strategie, swak evaluasie van voordele. X2 | Geen evaluasie nie. | **3 × 2 = 6** |
| **Organisasie en formaat.** | | Alle aspekte van die verslaguitleg is nagekom. Uitstekende struktuur, geen taalfoute is gemaak nie. Ten minste drie paragrawe, goed gekonstrueerde inleiding en gevolgtrekking is gemaak. Geskikte titel. | Inligting is baie goed georganiseer met paragrawe. Min taal-, spelling- en/of leestekenfoute. | Georganiseerd met goed gekonstrueerde paragrawe. 'n Paar taal-, spelling- en/of leestekenfoute. | Ongeorgani-seerd met baie taal-, spelling- en/of leestekenfoute. | **3** |
| **Totaal:** | | | | | | **30** |

**Totaal: 200 punte**

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE vrae)

**ONTHOU OM DUIDELIK AAN TE DUI VIR WATTER VRAAG JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2022